

funksie & verblyf GASTEPLAAS





Geagte Bruidspaar

Ons wil u bedank vir u navraag en wil graag ons visie met julle deel. Ons vertrou dat dit julle sal help met die maak van belangrike keuses rondom die beplanning van julle troudag.

KALEO is gebore uit 'n droom en begeerte wat vir baie jare geskoester en vertroetel is. Vandag is ons baie dankbaar en bevoorreg dat ons droom bewaarheid is. Dit is om mense van oraloor, op ons plaas te trakteer en 'n alles-in-een troupakket aan bruidspare te kan bied.

In 2008 is hierdie stukkie grond bygekoop. Kaleo Gasteplaas is ontwikkel en geskep met die hulp van ons Hemelse Vader, ons eie vaardige span plaasmense (wat meubels onder die naam Howbill Timbers vervaardig) en 'n versameling van talentvolle familie & plaaslike mense.

Ons verstaan hoe belangrik jul eerste dag saam, as man en vrou is en daarom streef ons daarna om jul troudag met professionele sorg en persoonlike aandag te hanteer. Ons ag hoë waarde aan kwaliteit en detail. Daarom sal dit vir ons 'n voorreg en groot plesier wees om deel te mag wees van julle kosbare herinneringe saam. Mag jule spore en Kaleo se berge, julle keer op keer weer terug roep vir onvergeetlike tye saam... Ons beste wense vergesel julle!

WAAR IS KALEO?

Kaleo is 'n gasteplaas wat behoort aan Howbill Farming, 35km buite Ceres in die Koue Bokkeveld streek. Howbill is 'n werkende vrugteplaas wat uitvoergehalte appels en pere verbou. Die romantiese landelike sjiek en afgeleë natuurskoon wat uitkyk oor betowerende berge en boorde, maak van Kaleo die mees ideale trou venue.

ROETE BESKRYWING VANAF CERES

Hou aan met Vosstraat op die R303 vir ongeveer 24km. Draai na regs by Touwsrivier afdraai. Hou vir 'n verdere 5km aan en draai dan links op 'n grondpad. Volg vir 2,5km die pad draai links en hou aan vir 3,5km.

ROETEBESKRYWING VANAF CITRUSDAL

Hou aan met Paul de Villiersstraat op die R303 in 'n Suidelike rigting van 88km. Draai links op die Touwsrivierpad. Hou vir 'n verdere 5km aan en draai dan links op 'n grondpad. Volg vir 2,5km die pad, draai links en hou aan vir 3,5km.

GPS KOÖRDINATE

38°8'46.03"S, 19°22'20.51"E



INDEKS

Wat bied Kaleo?	4	AKKOMMODASIE	16–21
Meer inligting vir troues	5–6		
Besprekings	7	OMGEWINGSINLIGTING	
		Restaurante	21
PERSOONLIKE HULPDIENS		Vermaak & Ontspanning	22–23
Troubegroting	8–11		
		BELANGRIKE INLIGTING	
		Mediese dokters	24
KONTAKLYS VAN DIENSVERSKAFFERS		Tandarts	24
Ontwerp & Drukwerk	12		
Hare & Grimering	12		
Grimering	12	KONTRAK	25–27
Skoonheidsalon	12		
Blomme	13	VENUE TARIEF	28–29
Fotograaf	13		
Videograaf	13		
Klank, Musiek, Beligting	14		
Spyseniers Kontaklys	15		



WAT BIED KALEO

KLIPKERKIE

Ons pragtige intieme klipkerkie, kan 110 gaste akkommodeer. Kaleo se groen grasperk onder gevestigde koel akkerbome, bied 'n alternatief vir 'n buitelug tuintroue gedurende die warm somer maande.

ONTHAALSAAL

Die Onthaalsaal is loopafstand regoor die kerkie. Hierdie pragtige moderne saal met sy skitterende kristalkandelare, kan tussen 160–200 mense akkommodeer, afhangend van die dansvloerspasie of nie. Ons kan ook kleiner, meer intieme troues akkommodeer deur gebruik te maak van ons saalafskortings om die saalruimte te verklein, indien u dit so verkies.

Hierdie saal is rolstoel-vriendelik ingerig en beskik oor meer as genoeg skoon en smaakvolle kleedkamers vir mans en dames. In die winter maak ons gebruik van gasverwarmers om die saal te verwarm. Kaleo beskik oor 'n sterk kragopwekker by die venue indien Eskom buite werking is.

BUITESTOEP

Die sy-vleuel van die saal, het glasdeure wat oopmaak op 'n buitestoep van ongeveer 20m x 8m. Die stoep kyk uit oor die groen terras, wat afloop tot daar waar dit die akkerbome ontmoet. Die rustige, landelike atmosfeer en die blou berg in die agtergrond, voltooi 'n pragtige prentjie. Wanneer dit donker word en jy die helder blink sterre in die donker hemelruim sien, sal dit beslis deel van jou mooi herinneringe wees.

Dit is hier waar die canapès & drankies na die seremonie aan gaste bedien word, terwyl die bruidspaar en die fotograaf van die een hoek tot die ander op die plaas rondry, om die mooiste herinneringe vas te lê. In die winter, as die buitestoep se koue ons injaag, bedien ons die canapès en drankies in ons stylvol, gemeubileerde sitkamer. Hier sal almal gou warm en tuis voel om die kaggelvuurtjie wat heerlik warm brand. Hierdie area sluit aan by 'n indrukwekkende moderne kroeg, wat 'n verskeidenheid drankies aan gaste bied.

AKKOMMODASIE

Genoeg slaapplek vir almal, is beslis geen probleem. Kaleo Gasteplaas bied 'n verskeidenheid selfsorg akkommodasie:

- Verskeie selfsorg-eenhede en woonstelle
- Kaleo Manor (slaap 8)
- 10 x Kampeerstaanplekke, elk toegerus met sy eie badkamer & onderdak braai & wasbak (maksimum van 6 mense per staanplek)
- Boskamp (vir die meer gemaklike kamper)
- Semgat (vir 'n gesellige "pre-wedding braai" en kuier deur die naweek)

'n Lys van alternatiewe akkommodasie in die omgewing, word aangeheg.

Alle akkommodasie word uitgeblok vir die bruidspaar, die oomblik wanneer die deposito van die troue betaal word. Sien aparte akkommodasie kontrak.

SPYSENIERS

Kaleo beskik oor uitgekontrakteerde spyseniers wat gekeur is, volgens Kaleo se standaarde en daarom vereis ons dat u sal gebruik maak van een van die spyseniers - sien die Spysenierskontaklys.



MEER INLIGTING VIR TROUES

ONTHAAL

Ons tariewe sluit die volgende in: 'n keuse van lang, hout of ronde tafels, wit of roes-kleur stoele, breekware, eetgerei en glase, sowel as die dek van tafels, 'n skoon venue voor die tyd en opruiming agterna.

HUUR VAN DEKOR & TOERUSTING

Enige ander of addisionele stoele, tafels of ander dekor items kan deur Kaleo teen 'n addisionele tarief ingehuur word. Ons stel 'n alles-in-een diens beskikbaar, volgens jou smaak en ons professionele leiding. Dit beteken dat ons jou troue vir jou reël soos jy dit graag wil hê. Kwotasies kan voorgelê word vir die moontlike items wat ingehuur of gemaak kan word. 'n Addisionele 10% word gehef vir administrasie, telefoon & hanteringskoste vir die aanvra van kwotasies by verhuringsplekke, ongeag of items geneem word of nie. Kwotasies is slegs 14 dae geldig en kan eers na bespreking daarvan, vasgemaak word. 'n Addisionele vervoer tarief word ook gehef vir aankope en afhaal of terugbesorg van huur items. Jy is ook welkom om jou eie huur tiems in te bring. Neem asb. kennis dat Kaleo geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige breekskade tydens die hantering van die items nie. Alle persoonlike toerusting moet na afloop van die funksie of die Maandagoggend verwyder word. Nie op 'n Sondag nie, asseblief. Indien die funksie wel op 'n Sondag plaasvind, moet alles na afloop van die funksie verwyder word. 'n Addisionele tarief sal gevra word om items op 'n Sondag te verwyder, indien die funksie op 'n Saterdag was.

KROEG

Die tarief sluit die ys, yshouers, glase en twee kroegmanne tot 24:00 in. Addisionele kroegmanne kan teen 'n addisionele tarief gehuur word (sien pryslys). Indien u meer kroegmanne verkies, kan dit vooraf so gereël word. Slegs Kaleo personeel word agter kroeg toegelaat.

Eie wyn en sjampanje kan ingebring word teen R35 kurkfooi per oopgemaakte bottel. 'n Oop kroeg stelsel kan ook gevolg word. Ons kan ook sjampanje en wyn verskaf vir julle groot dag. Geen rekening sal aan individue by die kroeg geopen word nie. Geen drank sal aan kinders onder 18 jaar verkoop word nie. Geen alkoholiese drank mag van perseel verwyder word nie. Geen eie drank mag in die venue ingebring word of op die perseeel buite gedrink word nie. Pre-drinks kan vooraf van ons pryslys gekies word.

KOMBUISFASILITEITE

Ons ruim, goed toegeruste kombuis beskik oor koelgeriewe, gaarmaak geriewe en warmhou geriewe.

TROU KOEK

U is welkom om iemand van u eie keuse te reël vir die bak van die troukoek of ons kan u behulpsaam wees met kontaknommers.

BLOMME

Bespreek gerus u keuse van tafel-, hand- en skouer ruikers met ons, vir 'n gratis kwotasie. Voel ook welkom om van u eie bloemis gebruik te maak, sou u dit so verkies. Indien u self reëlings tref, sal Kaleo nie verantwoordelik wees vir die vervoer of beweging van enige van die ruikers nie. Gee asb. die bloemis se kontak besonderhede vir ons deur. Maak ook asb. seker dat die bloemis kennis neem van die reëling dat alle blomme en dekor die dag voor die troue gedoen sal word. Ons wil graag 'n rustige atmosfeer verseker. Ons vereis dat die versiering van saal en rangskikking van blomme teen 17:00 die dag voor die troue sal klaar wees. Dit sorg vir 'n rustige atmosfeer die dag van troue. *Indien blomme/dekor verskaffers wel om een of ander rede nog Saterdag in venue werk, sal 'n addisionele skoonmaakfooi teen u rekening gehef word.*



KLANK, MUSIEK & BELIGTING

Kaleo Venue beskik oor geen klank toerusting en mikrofone nie. Vind aangeheg 'n lys van diensverskaffers wat u kan kontak om reëlings te tref. Elke musikant moet asb. sy eie instrumente saambring en verlengingskoorde, omdat Kaleo oor gaan instrumente beskik nie.

Die klank & beligting moet ten minste 45 minute voordat die gaste arriveer, reeds opgestel wees. Kaleo word kwytgeskeld van enige skade of verlies van klank en beligting toerusting. Die kliënt sal hiervoor verantwoordelik wees. Die DJ moet met ons kommunikeer i.v.m. oorskakeling in die geval van beurtkrag – geen verantwoordelikhied hiervoor word deur Kaleo aanvaar nie.

FOTOGRAAF & VIDEOGRAAF

Maak gebruik van ons pragtige landelike omgewing met sy damme, berge, vlaktes & vrugteboorde, vir 'n mees asemrowende fotosessies-ervaring. U tref self reëlings met die fotograaf van u keuse. Om u te help, heg ons graag 'n lys van kontakte aan.

PARKERING

Kaleo bied meer as genoeg veilige parkering vir al u gaste se motors aan. Geen parkering op gras.

ONS VERSEKER GOEIE DIENS

U troudag is vir ons belangrik. Baie sterkte met al jul reëlings en keuses en mag jul huwelik tot groot seën wees!



BESPREKINGS

BESPREKINGS & DEPOSITO

- Tentatiewe besprekings is slegs geldig vir 14 dae.
- Om u bespreking te finaliseer, voltooi asb. BEVESTIGING VAN BESPREKING & VOORWAARDES en stuur dit saam met die bewys van u R5 000 deposito betaling aan functions@kaleomanor.co.za
- Die doel van die deposito dien as sekuriteit, ingeval van kansellasie, asook skade en verlies aan glase, breekware, eetgerei en eiendom.
- Die deposito sal verbeur word in geval van kansellasie deur die kliënt. In onvoorsiene omstandighede, hou Kaleo die reg voor om die funksie te kanselleer. In so 'n geval sal die volle deposito bedrag aan u terugbetaal word.
- Ingeval van skade aan geboue, toerusting, breekware of eetgerei, sal die skadebedrag van die deposito afgetrek word. Die verskil sal binne 14 dae na die troue aan u terugbetaal word.

FINALE REËLINGS

- Ons sal graag 3 maande voor die troudatum, jou persoonlik wil ontmoet vir 'n 90min afspraak, om jou persoonlike smaak & voorkeure met jou te bespreek. Die eerste afspraak is gratis. *Alle opvolg-afsprake sal 'n tarief per uur gehef word*.
- By detail-afsprake word 'n maksimum van 4 persone toegelaat, maar verkieslik slegs die bruidspaar.
- Aangesien ons besigste tyd oor 'n naweek is, wil ons graag vra dat hierdie afspraak asb. gedurende die week, tydens kantoorure, sal geskied. *Geen detail-afsprake word oor 'n naweek gedoen nie*.
- Die finale getal gaste moet asb. 14 dae voor die troue deurgegee word. Daarna sal geen kansellasies aanvaar word nie, en sal hierdie die verlies van die kliënt wees.
- Die volle betaling van die venue, blomme, dekor, drank en akkommodasie moet asb. nie later as 14 dae voor die troue betaal word nie.
- Tafeluitleg en program van die verloop van die dag moet ook 14 dae voor troue deurgegee word.

KALEO SE REËLS & REGULASIES

- Die onthaalsaal sluit om 24:00. Indien met bestuur gereël word, kan die saal teen 'n addisionele tarief van R2500 per uur,
 of gedeelte van uur oopgehou word.
- Die kroeg sluit om 24:00
- Kelners mag nie gebruik word om gaste se drankie-aankope te doen nie.
- Kelners mag wel die wyn op die tafels aanvul soos vooraf gereël tussen u en ons.
- Rook in die geboue is verbode. Asbakke sal buite op die stoep beskikbaar wees.
- Swem in damme en fontein is verbode.
- Kaleo sal nie aanspreeklik gehou word vir enige eiendom, van u of ander gaste, wat beskadig of verlore is, tydens die geleentheid nie.
- Kaleo aanvaar geen aanspreeklikheid vir beserings wat gaste tydens die onthaal mag op doen nie.
- Indien enige van Kaleo se personeel beserings mag opdoen, verlies lei of skade berokken word a.g.v. gaste, sal die kliënt daarvoor verantwoordelik gehou word.
- Indien enige persoon die reëls verontagsaam, doen hy/sy dit op eie risiko en sal u aanspreeklik gehou word vir enige nagevolge.
- Vra asb. u seremoniemeester om ook u gaste van ons reëls en regulasies in te lig.



TROUBEGROTING

KOSTE **OPMERKINGS ONTWERP & DRUKWERK** Uitnodigings & koeverte __ Antwoordkaartjies & koeverte _____ Programme ___ Spyskaarte ___ Plekkaartjies ___ Bedankingskaartjies ___ Tafellyste _ Tafelnommers _____ Gasteboek ___ **BRUIDSUITRUSTING** Trourok _ Hooftooisel & sluier ____ Onderklere & sykouse _____ Skoene _ Bykomstighede ______ ___ Juwele __ Hare ____ Grimering _ Skoonheidsbehandeling ______ ___ Geskenk vir bruidegom ___ **BRUIDEGOM SE UITRUSTING** Pak __ Skoene ___ Strikdas, mansjetknope & kruisbande ______ ___ Ringe _ Geskenk vir bruid _____ Wittebrood _____



KOSTE OPMERKINGS

GOVOLG SE UITRUSTINGS	
Hofdamerok	
Strooimeisie rok	
Strooijonkerpakke	
Hofknapiepakke	
BLOMME	
Plekkaartjies	
Hofdame & strooimeisies se ruikers	
Skouerruikers & knoopsgatblomme	
Blomme vir onthaal	
Blommemeisies se hooftooisel	
Blomme langs kerk paadjie	
Fasiliteitsfooi	
FOTOIS	
FOTO'S	
Fotograaf	
Reis & verblyfkoste	
Foto-hoekie	
TROU SEREMONIE	
Kerkfooi	
Predikant	
Ringkussing & kniekussings	
Kerse & staanders	
Dooi tanut	
Noor tapyt	



KOSTE OPMERKINGS

Venue huur Spyseniering Vonkelwyn, wyn & vrugtesap Kroegfasiliteite Kroegmanne Tafeldoeke & servette Servet versierings Dekor / Blomstaanders & kandelare Kerse Onderborde Stoeloortreksels / stoele huur Troukoek Gastegeskenkies DJ / Orkes / Musiek Koördineerder: koste & vervoer GESKENKE Hofdame Strooimeisies & blommemeisies Strooijonkers & hofknapies Bruid se ouers Bruidegom se ouers ALLERLEI Prokureur (Huwelikskontrak) Troukar Liate	ONTHAAL	
Vonkelwyn, wyn & vrugtesap Kroegfasiliteite Kroegmanne Tafeldoeke & servette Servet versierings Dekor / Blomstaanders & kandelare Kerse Onderborde Stoeloortreksels / stoele huur Troukoek Gastegeskenkies DJ / Orkes / Musiek Koördineerder: koste & vervoer GESKENKE Hofdame Strooijonkers & hofknapies Bruid se ouers Bruidegom se ouers ALLERLEI Prokureur (Huwelikskontrak) Troukar Troukar	Venue huur	
Kroegfasiliteite Kroegmanne Tafeldoeke & servette Servet versierings Dekor / Blomstaanders & kandelare Kerse Onderborde Stoeloortreksels / stoele huur Troukoek Gastegeskenkies DJ / Orkes / Musiek Koördineerder: koste & vervoer GESKENKE Hofdame Strooijonkers & hofknapies Bruid se ouers Bruidegom se ouers ALLERLEI Prokureur (Huwelikskontrak) Troukar	Spyseniering	
Kroegfasiliteite Kroegmanne Tafeldoeke & servette Servet versierings Dekor / Blomstaanders & kandelare Kerse Onderborde Stoeloortreksels / stoele huur Troukoek Gastegeskenkies DJ / Orkes / Musiek Koördineerder: koste & vervoer GESKENKE Hofdame Strooijonkers & hofknapies Bruid se ouers Bruidegom se ouers ALLERLEI Prokureur (Huwelikskontrak) Troukar	Vonkelwyn, wyn & vrugtesap	
Kroegmanne Tafeldoeke & servette Servet versierings Dekor / Blomstaanders & kandelare Kerse Onderborde Stoeloortreksels / stoele huur Troukoek Gastegeskenkies DJ / Orkes / Musiek Koördineerder: koste & vervoer GESKENKE Hofdame Strooijonkers & hofknapies Bruid se ouers Bruidegom se ouers ALLERLEI Prokureur (Huwelikskontrak) Troukar		
Servet versierings Dekor / Blomstaanders & kandelare Kerse Onderborde Stoeloortreksels / stoele huur Troukoek Gastegeskenkies DJ / Orkes / Musiek Koördineerder: koste & vervoer GESKENKE Hofdame Strooimeisies & blommemeisies Strooijonkers & hofknapies Bruid se ouers Bruid gom se ouers ALLERLEI Prokureur (Huwelikskontrak) Troukar		
Dekor / Blomstaanders & kandelare Kerse Onderborde Stoeloortreksels / stoele huur Troukoek Gastegeskenkies DJ / Orkes / Musiek Koördineerder: koste & vervoer GESKENKE Hofdame Strooimeisies & blommemeisies Strooijonkers & hofknapies Bruid se ouers Bruidegom se ouers ALLERLEI Prokureur (Huwelikskontrak) Troukar	Tafeldoeke & servette	
Kerse	Servet versierings	
Kerse	Dekor / Blomstaanders & kandelare	
Stoeloortreksels / stoele huur Troukoek Gastegeskenkies DJ / Orkes / Musiek Koördineerder: koste & vervoer GESKENKE Hofdame Strooimeisies & blommemeisies Strooijonkers & hofknapies Bruid se ouers Bruidegom se ouers ALLERLEI Prokureur (Huwelikskontrak) Troukar		
Stoeloortreksels / stoele huur Troukoek Gastegeskenkies DJ / Orkes / Musiek Koördineerder: koste & vervoer GESKENKE Hofdame Strooimeisies & blommemeisies Strooijonkers & hofknapies Bruid se ouers Bruidegom se ouers ALLERLEI Prokureur (Huwelikskontrak) Troukar	Onderborde	
Gastegeskenkies		
Gastegeskenkies	Troukoek	
DJ / Orkes / Musiek Koördineerder: koste & vervoer GESKENKE Hofdame Strooimeisies & blommemeisies Strooijonkers & hofknapies Bruid se ouers Bruidegom se ouers ALLERLEI Prokureur (Huwelikskontrak) Troukar		
Koördineerder: koste & vervoer		
GESKENKE Hofdame Strooimeisies & blommemeisies Strooijonkers & hofknapies Bruid se ouers Bruidegom se ouers ALLERLEI Prokureur (Huwelikskontrak) Troukar		
Hofdame Strooimeisies & blommemeisies Strooijonkers & hofknapies Bruid se ouers Bruidegom se ouers ALLERLEI Prokureur (Huwelikskontrak) Troukar		
Strooimeisies & blommemeisies	GESKENKE	
Strooijonkers & hofknapies	Hofdame	
Bruid se ouers	Strooimeisies & blommemeisies	
Bruidegom se ouers	Strooijonkers & hofknapies	
ALLERLEI Prokureur (Huwelikskontrak) Troukar	Bruid se ouers	
Prokureur (Huwelikskontrak) Troukar	Bruidegom se ouers	
Prokureur (Huwelikskontrak) Troukar		
Troukar		



KOSTE OPMERKINGS

WITTEBROOD	
Akkommodasie	
Reiskaartjies	
Visum & lughaweversekering	
Motorhuur / ander reiskoste	
Wittebroodpakket	
Reistasse	
Sakgeld	
ANDER	



KONTAKLYS VAN DIENSVERSKAFFERS

ONTWERP & DRUKWERK

SugarBird Creative Design, Ceres Kontak: Chrizanne Botha	Tel. 082 826 5016	www.sugarbirdcreative.co.za chrizanne@sugarbirdcreative.co.za
Triple One, Ceres Kontak: Lochner	Tel. 023 312 3401	www.tripleone-office.co.za lochner@tripleone-office.co.za

HARE & GRIMERING

Anuk, Ceres Kontak: Carla Pileggi	Tel. 023 312 2154 Tel. 082 339 6427	www.anuk.co.za carla@anuk.co.za
Hair Revue, Ceres Kontak: Colin & Dawn	Tel. 023 312 2857 Tel. 072 179 0854	colintarsons@vodamail.co.za
Salon Rietha, Prince Alfred's Hamlet Kontak: Rietha of Wilmari	Tel. 023 313 3003	riethawh@gmail.com
Chereze Maree	Tel. 082 453 9943	cherezemua@gmail.com

GRIMERING

The Groom Room	Tel. 023 316 1127 Tel. 076 062 7242	
Country Bliss, Koue Bokkeveld	Tel. 082 356 5133	dayspa@dekeurstate.co.za
Skin Health & Beauty, Ceres	Tel. 023 312 1080 Tel. 074 748 5715	skinceres55@gmail.com



BLOMME

JC EventsTel. 072 267 1684Kaleo Flowers & DecorTel. 082 875 3656functions@kaleomanor.co.zaBerena MalherbeTel. 083 233 8455berenamalherbe001@gmail.comFlamboijant FlowersTel. 084 799 1773flamboijant@gmail.comBlomstoriesTel. 082 095 9222ilse@blomstories.co.za

FOTOGRAAF

Veronique	Tel. 084 205 6676	www.veronique-photography.com
Miss Cee Photography	Tel. 076 724 7183	hello@missceephotography.co.za
Nelis Engelbrecht	Tel. 084 205 6676	info@nelisengelbrecht.co.za
Wrensch Lombard Photography	Tel. 082 666 6514	www.wrensch.co.za jwillombard@gmail.com
Lilac Photography	Tel. 083 782 8123	info@lilacphotography.co.za
Killig	Tel. 072 511 2241	kiligphoto@gmail.com

VIDEOGRAAF

BNP Productions Fotograaf, Ceres	Tel. 079 497 0648	www.bnproductions.co.za info@bnpproductions.co.za
Brett Viljoen	Tel. 081 852 6346	
FJS Productions, Yzerfontein	Tel. 022 451 2089 Tel. 079 773 7677	www.fjs.co.za studio@fjs.co.za
Guava Graphics, Stellenbosch	Tel. 082 296 4765	www.guavagraphics.co.za jacques@guavagraphics.co.za



KLANK, MUSIEK & BELIGTING (DJ)

Dee Jay Music, Paarl Kontak: Greg	Tel. 021 872 1110 Tel. 076 633 3326	deejay6@telkomsa.net
Eddies Sound Klank, DJ, Beligting & "Live Entertainment"	Tel. 081 815 0313	eddiessoundhire@yahoo.com
Wico Smit	Tel. 082 903 3848	wico.smit@yahoo.com
Johan Groenewald, Worcester	Tel. 082 772 4658	jmusic@telkomsa.net
Juan Meyer, Paarl	Tel. 079 227 9691	
i-DJ Sound Kontak: Leon Espach	Tel. 072 431 0860	leonespach@gmail.com
PG Sounds Gideon Smit	Tel. 082 444 3054	smit.gideon@gmail.com
The Party Technician Kontak: Gerhard Meyer	Tel. 071 603 4533	info@thepartytechnician.co.za



SPYSENIERS KONTAKLYS

UITGEKONTRAKTEERDE SPYSENIERSDIENS

Look, See & Eat (Somerset-Wes) Kontak: Nicoline Fourie	Tel. 079 525 2934	info@look-see-eat.co.za
Oppi Berg Spyseniers(Koue Bokkeveld) Kontak: Theron & Aletta Hanekom	Tel. 023 317 0044 Tel. 083 261 1108	oppiberg@mweb.co.za
Nicolene Pienaar (P.A. Hamlet)	Tel. 073 946 9453	info@elimceres.co.za
Sweet Pea Catering (Ceres) Suretha Deetlefs	Tel. 082 537 3900	surethadeetlefs@gmail.com
Pauline Schreuder Spyseniers	Tel. 082 494 6307 Tel. 083 727 7887	paulineschreuder@vodamail.co.za
Lizanne Groenewald	Tel. 082 438 8452	lizaan1@breede.co.za
Marinda & Muriel	Tel. 083 667 7892	lateganmuriel@gmail.com





KALEO AKKOMMODASIE

AKKOMMODASIE KOSTE

Kaleo Manor Vir tariewe:

(slaap 8) Sien webtuiste of kontak ons by stay@kaleomanor.co.za

Selfsorg-Eenhede Vir tariewe:

(slaap 4) Sien webtuiste of kontak ons by stay@kaleomanor.co.za

Woonstelle Vir tariewe:

(slaap 2) Sien webtuiste of kontak ons by stay@kaleomanor.co.za

Kampeerstaanplek (Luuks) Vir tariewe:

(6 gaste per staanplek) Sien webtuiste of kontak ons by stay@kaleomanor.co.za

Boskamp Kampering 5 Staanplekke

Kaleo Swemgat Kampering asook "pre-wedding" braai

BETALING

• Betaling kan d.m.v. internet (EFT) of kontant geskied.

• Die volle rekening moet 5 dae voor datum vereffen word.

BANKBESONDERHEDE

Bank Standard Bank

Rekeninghouer Kaleo Guest Farm (Pty) Ltd.

Rekeningnommer 203 241 851 Taknommer Ceres, 050007

Verwysing Arriveerdatum en Naam

Stuur asb. bewys van betaling na stay@kaleomanor.co.za

ACCOMMODATION ANALYSIS:

	ROOMS	BATHROOM	BEDS	MAX SLEEP	
MANOR HOUSE	4	2	2 Double 4 Single	8	5 -8 Pax - R460pppn 3- 4 Pax - R560pppn 1- 2 Pax - R680pppn Children 0-5 free, 5-12 R250 Braai Indoor and Outdoor Fire Place in Lounge No aircon
THE SPOT	2	1	1 Double 2 Single	4	Television R490 per person per night Children 0-5 free, 5-12 R250 Indoor Braai Aircon in Lounge
WORLDWIDE	2	1	1 Double 2 Single	4	Television R490 per person per night Children 0-5 free, 5-12 R250 Indoor Braai Aircon in Lounge
In the Navy		1	1 Double 2 Single	4	Television R490 per person per night Children 0-5 free, 5-12 R250 Indoor Braai Aircon in Lounge Television
Stripes		1	1 Double 2 Single	4	R490 per person per night Children 0-5 free, 5-12 R250 Indoor Braai Aircon in Lounge Television
Die Damhuis		1	1 Double 2 Single	4	R490 per person per night Children 0-5 free, 5-12 R250 Indoor Braai Aircon in Lounge
PREMIUM FLATLETS Flatlets 1 Flatlets 2	1 1	1	2 Single	2	R420pppn Children 0-5free, 5-12 R250 Kettle, Microwave, 2plate stove/little oven, small fridge
Flatlets 3-10	1	1	2 Single	2	Television R320pppn Children 0-5free, 5-12 R150 Kettle, Microwave, small fridge No Television - no stove
The Lab	2	2	1 Double 2 Single 2 Bathrooms	4	R490 per person per night Children 0-5 free, 5-12 R250 Indoor Braai and Braai on Stoep No Aircon/No Sleeper Couch Television
The Laundry	2	1	1 Double 2 Single	4	R490 per person per night Children 0-5 free, 5-12 R250 Braai on stoep No aircon/No sleeper coach Television
Kardoesie 8KM FROM KALEO	2	1	1 Double 2 Single Single bed in Lounge	5	R470 per person per night Children 0-5 free, 5-12 R250 Braai on stoep Television
Luxury Campsite 10 Sites	0	1		6	R400 per site per night (sleeps up to 6) Bring all your own camping gear Each site has got its own ablution, underroof braai and kitchen sink Electricity and water
Bushcamp				30	R350 per site (up to 6 people) R60 per person per night additional One big site - ideal for groups Shared ablution Electricity and water
Swemgat					For all your pre-wedding braais Contact us for details



AKKOMMODASIE IN DIE OMGEWING

K		ш	IE	D	\cap	V	V	E	V	Е	П	n
n	U	u	ľ	D	v	N	N	Е.	v	Е	ы	u

Boplaas Landgoed Gastehuis	Tel. 023 317 0040 Tel. 076 141 2720	Koue Bokkeveld	info@boplaas1743.co.za
Houdenbek Gastehuis (SC)	Tel. 083 661 9912	Môrester, Koue Bokkeveld	johalet@mb-net.co.za
Kaleo Gastehuis & Kampering	Tel. 082 922 8967	Howbill, Koue Bokkeveld GPS: 33°8'46.03"S; 19°22'20.51"E	stay@kaleomanor.co.za
Mount Ceder Kothuise & Restaurant (SC)	Tel. 023 317 0113	Mount Ceder, Koue Bokkveld	mountceder@lando.co.za www.mountceder.co.za
Wadrif Gastehuis (SC)	Tel. 083 326 0362	Wadrif, Koue Bokkeveld	
Roggevlei (11km vanaf Kaleo)	Tel. 023 317 9922	Koue Bokkeveld	
Gys se huis (10km vanaf Kaleo)	Tel. 023 317 0830 Tel. 073 929 7871	Koue Bokkeveld	gyssehuis@dekeur.co.za
CERES			
Chantilly Gastehuis	Tel. 083 441 9532	18 Alheitstraat	
Ceres Cozy Cottage	Tel. 082 495 1368 Tel. 082 303 4297	Ceres	diedredafel@gmail.com
Clearwater Living	Tel. 084 581 3252	Ceres	Clearwater.ceres@gmail.com
Die Palmboom Gastehuis (BB)	Tel. 023 312 2755 Tel. 082 873 0582	17 Dennesingel	annalie@palmboom.co.za
Duim se Huis	Tel. 072 633 9818	Ceres	a3botha@hotmail.com
Eselfontein Huis & Eco Hutte (SC)	Tel. 082 502 8810	Plaas huis: S33 24 05.7 E19 26 01.6 Gastehuis: S33 24 32.5 E19 26 11.6 Eco hutte: S33 25 12.6 E19 26 18.3	www.eselfontein.co.za info@eselfontein.co.za
Four Seasons Guest House (BB/SC)	Tel. 023 312 1918 Tel. 082 448 9092	2A Staffstraat, Ceres	4seasons@isat.co.za
La Dolce Vita B&B	Tel.081 784 4400 Tel. 023 312 3775	Ceres	peppecanelli@yahoo.com



_		_	_
ь.	~	-	•

Mountain View Guest House	Tel. 023 316 1364 Tel. 082 497 2672	Ceres	andrege@absamail.co.za
Porterhouse Eleven Guest House (BB)	Tel. 023 312 1278 Tel. 084 208 4168	11 Porterstraat	www.wheretostay.co.za porterhouseeleven.co.za
Prospect Rondawel & Lapa (SC)	Tel. 023 312 1207 Tel. 084 558 8510	37 Witzenberglaan	hancel@dankbaar.co.za
Riverside Lodge	Tel. 023 316 1653	Ceres	riverside.ceres@gmail.com
Village Guest House & Restaurant	Tel. 023 316 2035	Ceres	office@thevillageceres.co.za
Ceres Toerisme	Tel. 023 316 1287		manager@ceres.org.za
BUITE CERES			
Forgotten Highway Guest Farm	Tel. 072 172 9545	Touwsriver / On R46, 30km from Ceres	forgottenhighwayceres@gmail.com
Klein Avontuur Guesthouse	Tel. 082 847 6041 Tel. 084 517 8003	Warm Bokkeveld, Eselfontein Road, 8km from Ceres	delmien@delmien.com
Klondyke Kersie Plaas (SC / Kampering)	Tel. 023 312 1521 Tel. 087 550 0232		www.cherryfarm.co.za klondyke@lando.co.za
Matroosberg (SC / Kampering)	Tel. 023 312 2282	GPS: S33.33012, E19.61076	www.matroosberg.com info@matroosberg.com
Rhodene Farm Cottages (SC)	Tel. 023 313 3607 Tel. 072 872 1333	GPS: 33° 17'51"S 19°17'55"E	www.rhodene.co.za
The River Siding, Wolseley (SC)	Tel. 023 231 0726 Tel. 082 820 4468	Ou Stasie Plaas, R46	www.riversiding.co.za
PRINCE ALFRED'S HAMLET			
Bon Forelle	Tel. 083 233 2730 Tel. 084 588 2135	Prince Alfred's Hamlet	forelle3@gmail.com
De Liefde Farm Cottage	Tel. 072 509 4730	Prince Alfred's Hamlet	deliefdecottage@gmail.com
Edenvue Chalets	Tel. 082 494 4960	Bellevue Farm	



PRINCE ALFRED'S HAMLET			
Fairfield Mountain Cottages (SC)	Tel. 071 309 6355	6km vanaf Ceres na P.A. Hamlet	www.fairfieldcottages.co.za fairfield1@ceresonline.co.za
The Hamlet Country Lodge	Tel. 023 313 3070 Tel. 071 648 9439	Prince Alfred's Hamlet	info@thehamletlodge.co.za
WOLSELEY			
Big Sky Cottages	Tel. 071 354 9209	Wolseley	bigskycottages@gmail.com
Winterberg Mountain Inn	Tel. 023 231 0860	Wolseley	winterberg@breede.co.za
TULBAGH			
Alfa Apartments (BB / SC)	Tel. 023 230 2977 Tel. 072 270 6651		www.tulbaghinfo.co.za mandykriel@telkomsa.net
Eikelaan Kothuise (SC)	Tel. 023 230 2991 Tel. 083 270 4742		www.eikelaan.com enquiries@eikelaan.com
WITTEBROOD AKKOMMODASIE			
Aquila Safari, Worcester (BB / SC)	Tel. 083 301 9222 Tel. 021 430 7260	N1 oppad na Touwsrivier, draai af op R46 pad	www.aquilasafari.com res@aquilasafari.com
Inverdoorn Private Game Reserve, Ceres (BB / SC)	Tel. 021 434 4639	60km buite Ceres op die R356 (na Sutherland)	www.capecheetah.com info@inverdoorn.com
Kagga Kamma Private Game Reserve Cederberg (BB / SC)	Tel. 021 872 4343		www.kaggakamma.co.za info@kaggakamma.co.za
Rijks Country House, Tulbagh (BB)	Tel. 023 230 1006		www.africanpridehotel.com/rijks reservations@rijkscountryhouse.co.za
Oudekloof Luxury Guest Farm Tulbagh (BB)	Tel. 082 440 9459		www.oudekloofwineestate.com reservations@oudekloofwineestate.co.za
Tierkloof Mountain Cottages	Tel. 082 411 4880 Tel. 021 788 5169	Tankwa Karoo, on R55 Calvinia Road	elsa@tierkloofmountaincottages.co.za



WITTEBROOD AKKOMMODASIE

Vindoux Guest Farm & Spa, Tulbagh (BB & SC) Tel. 023 230 0635

Luxury Tree House Accommodation www.vindoux.com

www.vindoux.com vindouxfarm@gmail.com

Die Kloofhuis

Tel. 023 313 3845 Tel. 076 181 5626 ±20km vanaf Kaleo

diekloof@koelfontein.co.za

RESTAURANTE

KOUE BOKKEVELD / CEDERBERGE

Mount Ceder Kothuise & Restaurant Tel. 023 317 0848 95km vanaf Ceres www.mountceder.co.za

mountceder@lando.co.za

Cederberg Oasis Tel. 027 482 2819 108km vanaf Ceres www.cederbergoasis.co.za

cederberg@telkomsa.net

Kagga Kamma Tel. 021 872 4343 110km vanaf Ceres www.kaggakamma.co.za

info@kaggakamma.co.za

CERES

Rocky River Spur Tel. 023 312 1222 140 Voortrekkerstraat ceresspursteakranches@yahoo.com

Village Restaurant Tel. 023 316 2035 64 Vosstraat office@thevillageceres.co.za

Wimpie Tel. 023 312 2144 De Keur Sentrum, Voortrekkerstraat wimpyceres@telkomsa.net

Tremor Tel. 060 752 9171 a3botha@hotmail.com

Homegrown Tel. 023 007 0299 matilda@sweetspot.co.za

BUITE CERES

Die Boord Tel. 079 517 2718 14km buite Ceres info@dieboord.co.za

Fynbos Padstal Tel. 082 447 9397 15km buite Ceres

THINGS TO DO IN AND AROUND CERES

Ceres Transport Riders Museum @ R10.00 per adult and R2.00 per child: The Ceres Togryers Museum will take you back in time to experience the history of the San and their rock paintings, meteorite fall, the life of the transport riders, the destructive earthquake in 1969 and the forced removals during 1960. Tel: 023 312 2045

Open: Mon - Fri: 09h00 -15h00;

Meat Olive Deli

Is situated in the main road and sells a variety of fresh produce, preserves and ceramics.

Tel: 066 272 7439Open: Mon - Fri: 09:00 - 17:00

& Sat: 09:00 - 13:00

Ceres Golf Club

Visit Ceres Golf Club and play one of the best 9 hole courses with high quality greens, smooth well-grassed fairways and magnificent scenery.

Tel: 023 312 3068.

Ceres Zipslide Adventures

It is amazing, spectacular and awesome. 8 slides – a total of 1.4km of fun. 1- 1,5 hours tours (depending on group size). All weather, no group limit, all ages from 3 years and older. **Contact: 079 245 0354 or 078 063 5134**

Ceres Breweries

Situated in Voortrekker road and offers tastings of 5 different craft beers. Open: Tue - Thu: 16:00 - 22:00. Fri: 14:00 - 22:00; Sat: 11:00 - 22:00. CLOSED: Mondays & Sundays; Tel: 082 356 4743

Rent-a-Bike @ Ceres Tourism Office

Situated in Voortrekker road where you can thrill yourself by exploring our magnificent Ceres Valley with Quebeka bikes from only **R100 for 2hours**. Strict Covid19 protocols in place.

Included with rental: Bike Helmet; Pump; Bike Lock; Patch Kit. Bookings essential.

For more information please contact Ceres Tourism.

Open Mon: Fri 09:00 – 16:00; Sat: 09:00-14:00 Tel: 023 316 1287; Email: info@ceres.org.za

Loxtonia Cider

Offers a range of ciders that are made with hand-picked apples, which are freshly pressed and naturally fermented to produce a quality cider - a premium, natural cider with no preservatives or artificial additives. Tel: 023 004 0930 OPEN for tastings: Monday – Saturday: 10am – 4pm.

At Source Hand Made Foods

Outlet for dried fruit, nuts and Cecilia's Farm Shop product range. **Open Mondays – Fridays:** 08:00 – 17:00

Saturdays: 09:00 - 13:00. Tel: 023 313 3130

Koelfontein Estate

Koelfontein is the Ceres region's only wine producer and their award-winning wines are for sale directly on the farm, outside Prince Alfred's Hamlet.

Tel: 023 313 3845/ 076 181 5626

Wine tasting hours: Mon – Thu: 11:00 – 16:00; Sat: By appointment only – at least 24hrs in advance.

<u>Klondyke Cherry Farm</u> (Mid Nov – end Dec each year)

Pick your own cherries at Klondyke Cherry Farm, 30km outside Ceres. Please check for cherry availability. **Tel: 087 550 0232 / 023 312 1521**

Waverley Hills Organic Wines & Olives

Is best known for producing award winning organic wines, but also produce olives in brine, dried olives and olive oil. Our restaurant uses only the freshest ingredients sourced from local producers, Known for Pizzas, Mezze, Light Meals and Picnics. **Tasting room opening hours:**

Mon - Sat: 10h00 - 16h00; Sun: 11h00 - 15h00 Tasting Fee: R50.00 per person; Tel. 023 231 0002

Op-die-Berg Horse & Carriage Rides

Horse carriage rides for family and friends. If you want to share in the beauty, fun and excitement of a horseman, come and visit us! For more information or to make a booking, please contact Deon at 084 758 9861 or Annatjie at 082 564 1363. www.horseman.org.za

Camp Kunika

Is situated in the Koue Bokkeveld north of Ceres and all about adventure, growth, team-building and challenges! There is plenty of fun mixed with a bit of stretching of character for the sake of moving forward! To book your next camp or guided tour, please contact us at:

Tel: 081 852 6346 or brett@branched.co.za

Scenic Drives and views

- Gydo Pass: On the R303, north of Prince Alfred's Hamlet. Built in 1848 by Andrew Bain, Gydo Pass is one of the most scenic drives in the district and links the Warm Bokkeveld with the Koue Bokkeveld. Marine fossils have been found in the pass.
- Michell's Pass: Starts where the R43 and the R46 meet before entering Ceres. Michell's Pass was also built by Bain and opened in 1848. The pass was named after Charles Michell, surveyor-general of the Cape Colony. Until the completion of the railway line to Kimberley in 1885, Michell's Pass was the main route to the Diamond Fields in the north.
- <u>Katbakkies Pass and Skitterykloof:</u> These passes gave the farmers from the Koue Bokkeveld access to the Ceres Karoo. The Ceres Karoo was used by farmers as winter grazing for their sheep. The bumpy road and steep gradients gave rise to the names of Katbakkies and Skitterykloof, Skitterykloof a rather vulgar term for expressing a traveller's fear when taking this route. A large part of this route is gravel road.

Day Hikes:

- Christie Prins Day Hike (12km from Ceres)

This hiking trail above Prince Alfred's Hamlet was established as an Eco-tourism project by a local school. The route named after a famous conservationist in the area, has 2 circular routes: ±2 hours and ±4 hours. Maps & more information available at the Ceres Tourism office.

- Waverley Hills Walk (15km from Ceres)

This walk is a short trail up the mountain that takes approximately 30 minutes to walk and is suitable for the whole family. This marvellous mountain range is famous for its diverse fynbos species and forms part of the Cape floristic region, which is internationally recognised for its rich plant and animal diversity. The hiking trail was especially designed to give you some insight in this wonderful natural resource. **Tel. 023 231 0002**

Mountain Bike Routes (bring own bike)

- Eselfontein Farm (13km outside Ceres)

Various marked trails available. Maps available at Eselfontein Farm and on www.eselfontein.com

- Houdenbek Farm (55km from Ceres)

Various mountain biking routes available with lots of single track: 10km, 26km & 40km. Cost: R30 per person.

Tel: 083 661 9912

- Kaleo Guest Farm (35km from Ceres)

Various mountain biking routes available: 22km, 40km & 60km. Cost: R100 per person. Tel: 023 004 0298

4x4 Routes

In the Ceres district there are various different 4x4 routes. The routes vary in length and difficulty. Detailed info on all the various routes is available from the Ceres Tourism Bureau at 023 316 1287.

Private Game Reserves

Aquila Private Game Reserve: is named after the rare and endangered resident Black Eagle and boasts a breathtakingly beautiful ± 10 000 hectare Karoo conservancy (± 24 700 acres). Proudly, for the first time in 250 years one can experience a day or overnight safari under 2 hours from Cape Town where visitors can enjoy a game drive experience a day or overnight safari under 2 hours from Cape Town where visitors can enjoy a game drive experience amongst lions and other members of the majestic Big 5), where these creatures once again roam the Karoo mountains, valleys, rivers and kloofs.

Tel: 021 430 7260 / www.aquilasafari.com

Inverdoorn Private Game Reserve: is a 10 000 ha reserve situated in the Ceres Karoo, a scenic 1 hour drive from Ceres. It hosts Buffalo, White Rhino, Giraffe, Zebra and a large variety of antelope

including Kudu, Lechwe, Oryx and much more. There is an abundance of bird life with more than 165 species observed. During your game drive you will experience a spectacular sunset from the lookout point. Day visits are allowed which include a game drive and lunch. Tel: 087 750 6796 / www.inverdoorn.com

Sadawa Game Reserve: offers a unique Tankwa Karoo-experience with vast landscapes, breathtaking sunsets and indigenous fauna and flora of this truly majestic South African Biome. There are various indigenous plants growing on Sadawa, many of which have medicinal properties. Game that one can expect to see include Springbuck, Ostriches, Oryx, Eland and many more. Enjoy a restful getaway from the hustle and bustle of city life. Activities for day visitors include game drives, hiking, bird watching, picnics and a shooting range.

Tel: 023 004 0552 / www.sadawa.co.



Things To Do in and around CERES



FOR FURTHER INFO & BOOKINGS:

Ceres Tourism Bureau
Tel: 023 316 1287
Fax: 086 5050 455
E-mail: info@ceres.org.za
www.ceres.org.za





INLIGTING

NOODNOMMERS

Ambulans & Brandweer noodnommer Tel. 10177

Polisie, Op-die-Berg Tel. 023 317 0326

Polisie, Prince Alfred's Hamlet Tel. 023 313 3133

Polisie, Ceres Tel. 023 316 8600 / 10111

Witzenberg Munisipaliteit Control Centre Tel. 023 316 1997/8

(Brandweer)

HOSPITALE

Tel. 023 316 1304 Ceres Privaat Hospitaal

Ceres Provinsiale Hospitaal Tel. 023 316 9600

Worcester Medi-Kliniek Tel. 023 348 1500

MEDIESE DOKTERS

Dr. Loubscher Tel. 023 312 1350

Dr. Blomerus Tel. 023 316 1728

Tel. 023 316 1523 (woning)

TANDARTS

Dr. Steyn & Van Niekerk, Ceres Tel. 023 312 1355



ALGEMENE REËLS - TROUE

- Finale getalle, uitleg van tafels met hoeveelheid gaste en tydlyn moet 14 dae voor die troue aan ons deurgegee word.
- Indien verskaffers van buite die blomme en dekor doen, is ons baie streng daarop dat dit op die Vrydag afgehandel moet wees. Op die laatste om 17h00. Die personeel moet nog opruim en skoonmaak sodat alles reg is vir die Saterdag. Indien verskaffers om een of ander rede nog die Saterdag moet inkom en werk, sal 'n addisionele skoon maaktarief teen die bruid se rekening gehef word.
- Die venue sal Saterdae vanaf 12h00 oopgesluit wees vir die verskaffers om in te kom. Ons kan ongelukkig nie vir elkeen wat nog ietsie wil kom insit of doen heeloggend oopsluit nie. Vanaf 12h00 is ons aan diens en sal alles dan gebeur.
- Venue is Sondae gesluit. Indien daar geen ander uitweg is nie, sluit ons oop teen 'n tarief van R500. Indien Kaleo Personeel benodig word, word 'n addisionele tarief van R50/h per werker gehef. Die venue sal dan slegs oop wees vanaf 09h00 11h00. Ons word soms heel Sondag oggend gebel oor selfone, handsakke, baadjies ens. wat nog in die venue is. Indien dit nie binne hierdie uur afgehaal word nie, sal daar dan moet reëlings getref word om dit self in die week te kom afhaal geen kourier diens vanaf Kaleo. Geen ontbyt word Sondae in en om Venue bedien nie.
- Dit gebeur soms dat bruide bv. Vrydagaand met haar gevolg in die Manor Huis slaap en dan Saterdag net daar wil aantrek, maar niemand anders slaap weer die aand in die Manor nie. Die Manor sal dan uitgeboek word vir nog 'n aand, aangesien dit so te sê die heeldag geokkupeer word en ons nie ander gaste dan daarin kan toelaat nie. Bedrag word bereken @ tarief van 8 persone.
- Sien ook Akkommodasie kontrak as 'n aparte aanhangsel.
- Indien enige borde, linte, ballone langs die pad aangebring word om rigting aan te dui na die troue, moet dit asb. Sondag
 verwyder word. Dit gebeur soms dat ons nie deur die week verby die borde/ballone ry nie, dan sit die ou aanwysings nog
 met die volgende troue. Indien nie verwyder word nie, sal 'n fooi van R500 ongelukkig by die finale rekening moet gevoeg
 word.



TROU AKKOMMODASIE KONTRAK

- Indien venue deposito betaal word, word Akkommodasie outomaties uitgeboek vir 2 nagte.
- Akkommodasie word aanlyn uitgeboek. Dit weerhou gaste van buite om direkte besprekings te doen.
- Akkommodasie word slegs vir 'n minimum van 2 nagte uitgeboek geen een nag besprekings nie.
- Daar is 2 opsies waarolgens Akkommodasie tydens 'n trou behartig kan word:
 - 1. Ek (die persoon wat die besrpekings maak) maak 'n kwotasie uit van alle Akkommodasie vir 2 nagte aan die bruidspaar. Die bruidspaar betaal dan die bedrag direk aan ons. 'n Lys van Akkommodasie indeling moet aan ons verskaf word, sodat ons die gaste na die regte plekke kan allokeer. Kaleo aanvaar geen aanspreeklikheid hier vir foutiewe indelings nie. Dit is ook die bruid se verantwoordelikheid om presies aan die gas te verduidelik hoe hul betrokke eenheid lyk en hoe ver dit van Kaleo is, indien dit een van ons ander eenhede is.
 - 2. Die bruid moet 'n volledige Akkommodasie ly opstel. Elke gas word dan na 'n eenheid geallokeer en dan moet ons 'n volledige lys kry van die gaste met selnommers en epos-adresse. Ons stuur dan die faktuur direk aan die gas. Deposito's meot binne 7 dae na die faktuur betaal word. Indien die gas verbeur om die deposito binne 7 dae te betaal, word die eenheid outomaties oopgestel. Geen verdere kennisgewing word aan die gas gegee nie. Die bruid sal in kennis gestel word, sy kan dan iemand anders allokeer of ons stel dit dan oop vir buite-gaste.
- Indien bruid nie Akkommodasie aan buite-gaste wil afstaan nie is volle bedrag van Akkommodasie deur bruid betaalbaar. Indien nie alle akkommodasie (insluitend kampplekke) 'n maand voor die tyd geboek is deur die trou-gaste nie, vra ons toestemming by julle of ons wel die akkommodasie aan buite-gaste kan oopstel.
- Indien die bruid die Manor gebruik vir oorslaap die Vrydag aand, maar die Saterdag net wil aantrek en niemand slaap oor nie hef ons 'n tarief van R1000.
- Indien die bruidspaar vir sommige gaste die Akkommodasie betaal, moet dit asb. duidelik so op die lys aangetoon word.
- Alle uitstaande Akkommodasie is ten volle betaalbaar voordat die gaste inboek. Dit maak dit net vir almal makliker. Baie
 gaste wil die Sondag voordat hulle uitgaan betaal en hier is niemand op 'n Sondag op kantoor nie. NB Betaling asb.
 voor gaste arriveer.
- Stel asb. al die gaste in kennis om verwysing vir Akkommodasie betaling die kwotasie nommer te gebruik om verwarring uit te skakel. Bewys van betaling MOET gestuur word na stay@kaleomanor.co.za.
- Indien die gas arriveer moet hulle asb. alle besprekings dokumentasie saam bring dit sluit in bewys van betalings ook.
- · Neem asb. kennis dat dit nie vir ons moontlik is om elke dag 'n opgedateerde lys aan die bruid te verskaf nie.
- Bruidspaar moet aan gaste deurgee in teken tyd is vanaf 14:00–19:00. Na ure kan hul ons skakel en ons sal oopmaak.
 Uitklok tyd is streng 10:00. Laat uitklok sonder vooraf reëlings is onderhewig aan 'n boete.

SKOONMAAK OPSIES

- 1. Slegs regtrek van beddegoed en opruim voor fotos R250 per eenheid.
- 2. Skoonmaak van hele eenheid (beddegoed vervang, skottelgoed ens.) R500 per eenheid. Bogenoemde moet vooraf gereël word.

Enige Akkommodasie navrae en besprekings word gedoen by Conohick Sel no. 082 922 8967 of epos stay@kaleomanor.co.za.

Kaleo Guest Farm (Pty) Ltd.

Reg. nr. 2012/157224/07 | Direkteure: R.J. Gibson & L. Goosen

Malbar Plaas, Koue Bokkeveld | Posbus 146, Ceres, 6835 | Tel. 082 875 3656 / 023 004 0298

E-pos: functions@kaleomanor.co.za / stay@kaleomanor.co.za



BEVESTIGING VAN BESPREKING & VOORWAARDES

Hiermee bevestig ek	my bespreking en stuur ook die R5000 c	leposito wat inbetaal is op
Ek bevestig hiermee	dat ek Kaleo se bruidsgids & reels gelees	s het en my van die inhoud daarvan vergewis. Ek onderneem om by die
reëls en voorwaarde	s te hou. Ek sal nie later as die	die finale getal gaste deurgee. 14 dae voor troudatum)
	`	,
Ek verstaan dat geta	lle daarna nie meer verminder kan word	nie.
PERSOONLIKE INLIG	TING VAN VERANTWOORDELIKE PERSO	OON:
Naam (in drukskrif)		Datum van troue
ID Nommer		Kontak nommer
Straat adres		E-pos
Troue van (Bruid & B	ruidegom)	
Har	dtekening	Datum
TERUGBETAALBARE	DEPOSITO INBETAAL	
Bank		Tak en nommer
Rekeninghouer		Rekening nommer
BANKBESONDERH	IEDE	
Standard Bank	: Kaleo Guest Farm (Pty) Ltd.	
Rekeninghouer	: 203 241 851	
Tak nommer	: Ceres, 050007	
Verwysing : Troudatum en Naam		

*Stuur asb. bewys van betaling na functions@kaleomanor.co.za

Reg. nr. 2012/157224/07 | Direkteure: R.J. Gibson & L. Goosen

Malbar Plaas, Koue Bokkeveld | Posbus 146, Ceres, 6835 | Tel. 082 875 3656 / 023 004 0298

E-pos: functions@kaleomanor.co.za / stay@kaleomanor.co.za

Kaleo Guest Farm (Pty) Ltd.



VENUE TARIEF:

1 Oktober – 30 April: 1–50 persone R20000

50–100 persone R26000 – daarna R100 per persoon addisioneel.

1 Mei – 30 September: 1–50 persone R18000

50–100 persone R23000 – daarna R100 per persoon addisioneel.

TARIEF EN FASILITEITSFOOI SLUIT DIE VOLGENDE IN:

SEREMONIE

 Kerkie met sitplek vir 110 gaste OF

• Grasperk onder bome vir buitelug seremonie.

UITGESLUIT BY DIE PRYS:

• Mat

Ghost chairs @ R25 per/stoel

• Trou gazebo & tente

• Dekor vir seremonie

Klank toerusting

BUITESTOEP & SITKAMER

• Gemeubileerde sitkamer

• 6 x Cocktail stoeptafels

• 6 x Stoep sambrele

- · Addisionele buite meubels
- Photo booth

ONTHAAL TOT 24:00 | OGGEND FUNKSIE TOT 15:00

- Ons saal bied sitplek vir 145 mense met 'n dansbaan en 200 mense daarsonder.
- Tafel keuse: rond of lang hout tafels
- Stoel keuse: wit of roesbruin ysterstoele
- Eetgerei & breekware
- Dek van tafels
- Opruiming
- Troue koördineerder hulp met dekor & blomme
- Doen van blomme & dekor teen addisionele bedrag

- Ander tipe stoele
- Tafeldoeke
- Servette
- Blomme
- Blompotte & kerskandelare of lampies
- Dekor
- DJ / Klank
- Enige ander spesiale versoeke
- R2500 na 24:00 (aand funksie) vir elke uur of gedeelte van uur
- R1500 na 15:00 (oggend funksies)
- R1500 vir oggendtroues na 20h00

KROEGFASILITEITE TOT 24:00

- Fasiliteite & koelgeriewe
- Glase
- Yshouers & ys
- Geen kurkfooie op eie water & sap word gehef.
- Wyn op tafels
- Sjampanje
- Eie wyn & sjampanje: Kurkfooi van R35/oopgemaakte bottel

SPYSENIERING

- Kontak een van ons uitgekontrakteerde spyseniers.
 Sien kontaknommers by lys van verskaffers
- · Geen buitespyseniers word toegelaat nie.



TARIEF EN FASILITEITSFOOI SLUIT DIE VOLGENDE IN:

AANKOOP OF INHUUR VAN DEKOR

• Help met advies, aanbevelings & kontaknommers

UITGESLUIT BY DIE PRYS:

- 'n Addisionele 10% word gehef vir admin, telefoon & hantering onkoste vir die aanvra van kwotasies, ongeag of item geneem word of nie.
- Vervoer onkoste van R7.00/km word gehef om items aan te koop, af te gaan haal of terug te besorg. Dit dek die uitgawe van die drywer, petrol en voertuig onderhoud.
- U het wel die opsie om self die items by die verhuringsplek te gaan afhaal en terug te besorg.
- Alle dekoratiewe items moet asb. nie later as die Donderdag-oggend op Kaleo besorg word nie.
- Kwotasies is slegs geldig vir 14 dae.

ADDISIONELE DIENSTE

- 1 Dag voor troue: Skoon venue beskikbaar, gereed vir dek
- Ons dek tafels, soos bespreek.
- Maandag ruim Kaleo personeel op & neem voorraadopname van breekgoed & kroeg.

AANTREK VAN BRUID

- Kontak stay@kaleomanor.co.za vir besprekings vir die Manor huis of Cottages.
- Besigtiging van venue is slegs op afspraak beskikbaar en **slegs op weeksdae**.
- Eie dekor moet die volgende **werksdag** voor 10:00 verwyder word.

DIE SAAL IS SONDAE TOE.

- Kwotasies en voorlopige besprekings is slegs vir 14 dae geldig.
- Deposito van R5000 bevestig jou bespreking.
- Kaleo beskik nie oor 'n restaurant vir Sondag ontbyt nie.
- Geen "sparkles" word in die venue toegelaat.
- Artikels wat agterbly na 'n troue word slegs vir 14 dae gestoor en dit word verwag dat u self 'n koerier stuur om items te kom laai en terug te neem indien iets vergete bly.